Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

die WAPAD
Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

Uniewinkels
die moderne
MANS-EN SPORT-UITRUSTERS

JAARGANG XXIII WOENSDAG 19 JUNIE 1968 No. 13

# Konstitusies, Studentehandboek word hersien

**WERKSAAMHEDE is tans aan die gang om nie net die konstitusie van die Studenteraad en die hoofliggame en ander liggame in die studentelewe op 'n baie meer gekonsolideerde grondslag te bring, maar ook om hierdie konstitusies saam met 'n eie reglement van orde in 'n brosjure uit te gee.**

Hierdie taak word behartig deur die Studentehandboekkomitee van die Studenteraad. Daarbenewens word die uitgee van 'n studentehandboek wat die geskiedenis en algemene beginsels vandie Universiteit en die studentelewe bevat, ook in die vooruitsig gestel.

In 'n onderhoud met Die Wapad het mnr. Jan-At Kruger, konvenor van beide die komitees vir die studentehandboek en die komitee vir die opstel van die konstitusies, gesê dat aanbevelings vir konsolidasie en wysigings gedoen sal word aan die hand van die konstitusie wat vir die Studenteraad opgestel word om uitvoering te gee aan die aanbevelings wat aan die einde van verlede jaar aanvaar is.

**AANGEWYS**

Een van die moontlikhede in hierdie verband is dat oorweeg moet word of organiseerders en penningmeesters verkies moet word of deur die betrokke besture aangewys moet word.

Mnr. Kruger het gesê dat sy komitee ook aandag gee aan die opstel van 'n reglement van orde wat vir studente-omstandighede geskik sal wees.

**KOUKUS**

Een van die sake wat besondere aandag geniet by die opstel van die nuwe konstitusies, is die posisie van die koukus in die studentelewe. Aan die begin van die huidige termyn het die koukus, bestaande uit die Studenteraad en die vyf hoofbesture reeds vergader om die penningmeester van die Studenteraad aan te wys. Intussen het die Studenteraad ook besluit dat die hooredakteur van Die Wapad in die vervolg deur die koukus aangewys sal word.

Alhoewel die koukus nog nie weer vergader het nie, word 'n vergadering daarvan vir Augustus beplan. Na verwagting sal die konsolidasie van die konstitusie en die uitvoering van die aanbevelings wat verlede Augustus deur die massa en Studenteraad aanvaar is, aandag geniet.

**MANDAAT**

Saam met die mosies i.v.m. die konstitusie en handboek het die Studenteraad ook 'n mosie aanvaar dat aan die Komitee vir die Konstitusies mandaat gegee word om met liggame wat tot eensydigheid neig, of los staan van die Studenteraad, in verbinding te tree.



**Geen wonder die dames op die foto is so vriendelik nie. Sneeu is mos darem nie 'n verskynsel wat 'n mens elke dag op Potchefstroom sien nie! En al is dit min, wil 'n mens darem 'n sneeuman bou. Op die foto verskyn 'n paar van die dames van Oosterhof en 'n matrone by 'n sneeuman wat hulle gemaak het uit die sneeu wat in Oosterhof se vierkant geval het. Foto: Fotokuns**

## VIRUS...? DINAMIESE INSTANSIE DEUR STUDENTE GESTIG

**Sedert verlede Woensdag is oral op die kampus klein plakkaatjies met „VIRUS?" daarop opgemerk. By ondersoek het die volgende aan die lig gekom:**

VIRUS is 'n dinamiese instansie wat onlangs deur 'n paar studente hier gestig is. Dit bestaan uit 'n bestuur van sewe wat die „Administratief" genoem word. 'n Doel daarvan is om aan alle studente 'n platform te gee om hul EIE standpunte oor aktuele aangeleenthede uit te spreek. VIRUS is nie onder die patronaatskap van die Studenteraad nie.

'n Woordvoerder van VIRUS het daarop gewys dat hier nie maar nog 'n geval van „oororganisasie" is nie, want VIRUS organiseer nie die studente op 'n basis van 'n gemeenskaplike belang nie, maar is bewus van die wyduiteenlopende verskeidenheid van sienings wat studente huldig, wat hulle selde opper omdat hulle nie altyd die geleentheid daartoe kry nie en omdat hulle bang is dat etikette aan hulle geplak word op monstervergaderings. Dit is dus bloot 'n geleentheid wat die massa gebied word om alle menings te lug.

**OOGPUNT**

Op 'n openbare VIRUS-vergadering word die onderwerp van bespreking kortliks uit drie oogpunte deur die Administratief behandel. Hierdie standpunte hief egter nie noodwendig die Administratief se standpunte te wees nie. Daarna word die bespreking oopgestel: al die studente wat teenwoordig is, kry die geleentheid om hulle menings te lug. Wanneer die bespreking verby is, lewer 'n uitgenooide spreker 'n kort, informerende voordrag oor 'n interessante aangeleentheid. Daarna word oorgegaan tot stemming oor die standpunte wat in die vergadering uitgespreek is.

**AANHANG**

Die stemming lei nie tot 'n besluit nie, maar toon aan watter persentuele aanhang die verskillende standpunte het. Daarom moet al die teenwoordiges stem. Die uitslag van die stemming word dan deur die Administratief gepubliseer, maar geen name word gekoppel aan die standpunte nie.

Die eerste openbare vergadering van VIRUS vind more-aand (Donderdag, 20 Junie) om 7.30 nm. plaas in kamer 100 van die Frans du Toit-gebou en daar sal bespreking gevoer word onder die opskrif: „Pukstudent: jou aktuele mentaliteit is slap!" Hierdie onderwerp beloof om vurige bespreking uit te lok.

**ERKENNING**

Die Studenteraad het op 11 Junie 'n mosie aanvaar waarin erkenning verleen is aan VIRUS.

## OOSTERHOF ONTHAAL STUDENTERAAD

**In die heersende weersomstandighede vind selfs die S.R.-lede dit onmoontlik om sonder 'n bietjie warm menslikheid te vergader.**

Die Oosterhofdames het weer eens hulle gasvryheid bewys deur 'n uitnodiging aan die lede te rig om 'n genoeglike aand by hulle deur te bring.

In 'n gesellige en aangename atmosfeer het die geëerdes die geleentheid gehad om die resultate van die dames se bakvernuf te smaak. Wat die maag van vol is — loop die mond van oor! Volgens tradisie is daar 'n paar studenteliedjies hartlik saamgesing.

Die S.R.-lede beoog om met elke vergadering tydens die teepouse by een van die dameskoshuise te gaan tee drink, en het hulle dank teenoor Oosterhof uitgespreek vir die gebaar.

## PUK REIS NA SUIDPOOL EN TERUG

Mnr. Piet König van die departement Fisika, het onlangs aan boord van die Suid-Afrikaanse skip, die RSA, na Marion-eiland gereis.

Hy was behulpsaam met die oprigting van antennas op die elland.

Aanstaande jaar vertrek mnr. König vir 14 maande na die Suidpool as waarnemer. Hy gaan aansluit by mnre. D. G. Joubert, G. G. Scholtz en Dawie Smith.

## P.N.B. SE VLUGSKRIF VERSKYN

**Die P.N.B. se eerste vlugskrif, PUK NOTA BENE, het pas verskyn. Dit sal van tyd tot tyd aangebied word waarin die jongste wêreldgebeure en tendense asook die in Suid-Afrika**

Deur middel van die vlugskrif wil die P.N.B. poog om die studente se kennis uit te brei oor die politieke gebeure in die wêreld en Suid-Afrika se rol in al die gebeure.

Die P.N.B. stel hom ten doel om die tweeledige doel te help verwesenlik onder die Puk-studente.

**VOORWOORD**

In sy voorwoord spreek die voorsitter van die P.N.B. mnr. Callie Coetzee die wens uit dat die vlugskrif 'n beskeie bydrae lewer in die bereiking van die ideaal om die studente se gedagtes te prikkel en hul roepingsbesef wakker te maak ten opsigte van die breë algemene politiek.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE
TOMSTRAAT 88B & C
FOON 5943, 3377

**KLASSIFISEERDE ADVERTENSIES**

ADVERTENSIEBURO
Studenteraadskantoor
P.U. vir C.H.O.

**TE KOOP**

WIT Volkspelerok. Feitlik nuut. R10. Kontak mej. A. Malan. Tel. 2169.

**HUIS EN TUIN**

*Vir:-*

- ★ alle fietsbenodigdhede
- ★ skoenreparasies
- ★ droogskoonmaak.

**Studente:**

ONS VOORSIEN GRAAG IN U BEHOEFTES

**Tomstraat 82,**
**Telefoon 4641.**

**LINDEQUE Skoenreparasies**

— Octron-gebou —

*Twee depots op Bult:*
BULT DROOGSKOONMAKERS
WESTVAAL DROOGSKOONMAKERS
Spesiale pryse vir studente.
Aflewering op die Kampus.

*KOM BESOEK:*
***MIAMI* RESTAURANT**
Kerkstraat 213,
Johan Dreyer-gebou.

**J. HEIDEMA**
vir
**FIETSE**
en vakkundige
**Herstelwerk**
—
**Opberging**
van fietse gedurende vakansies.
**Kerkstraat 48 — Tel. 5319**

*Vir al u*
APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE

*Besoek:*
**APTEKERS**
***J. P. VAN DER WALT***
**(EDMS.) BPK.**

**Kerkstraat 118,**
**Telefoon 3237,**
**POTCHEFSTROOM.**



# die WAPAD

WOENSDAG 19 JUNIE 1968


## Iets verkeerd?

'n Baie geduldige man, die tydsgees. Sodra iets verkeerd loop en jy weet nie waar die fout lê nie, word die tydsgees geblameer, as dit maar enigsins moontlik is. En as mense nie soveel soos jy in 'n saak belangstel nie, is die ,,logiese" verklaring dat dit die deurwerking van die bose tydsgees is.

Dit daargelaat. Verskillende mense sal hulself en andere verskillende antwoorde kan gee hoe hierdie skim hom al op ons kampus laat geld het. Een ding is egter seker: Op hierdie kampus, eintlik in hierdie studentelewe, is iets nie pluis nie. Om die waarheid te sê — iewers is 'n groot skroef los.

Op die kampus waar slegs 92 persone 'n monstervergadering bywoon, of waar 'n singsong op 'n tyd soos dié afgestel moet word omdat daar slegs 104 persone opgedaag het (dit voor 'n belangrike rugbywedstryd teen die Tukkies), moet iets veerkeerd wees.

Dit help nie om die skouers op te haal en met 'n gelate uitdrukking op die gesig te verklaar dat die Tukkies, Kovsies en Maties maar met dieselfde probleem sit, om van die Witsies nie eers te praat nie. Dit is 'n lamsakkige houding.

Iets moet seker gedoen word. Terwyl ons nou 'n lekker lang wintervakansie voor die deur het, laat ons hierdie probleempie in die midde van elkeen wat hom by die studentelewe betrokke voel, om of 'n diep wysgerige oplossing daarvoor te soek, of homself te troos dat hy nie daarvoor verantwoordelik is nie.

Veel sukses.

## Vakansie

Die wintervakansie is net om die draai en binne 'n week sal die kampus leeg wees en die meeste studente weg. Almal gaan egter nie vakansie hou nie.

'n Hele aantal bly op Potchefstroom agter vir die A.S.B.-kongres, Thalia gaan op toer na Suidwes-Afrika, Alabama na Noord-Transvaal, die Eerste rugbyspan na Rhodesië, en 'n hele aantal sportspanne woon inter-universitêre toernooie op verskillende kampusse by.

Ons vertrou dat almal wat hul vakansie op een of ander dergelike manier deurbring, asook die wat sommer net gaan vakansie hou, dit sal geniet, maar dat hulle ook, om 'n gekyte term te gebruik, ambassadeurs vir hierdie universiteit sal wees, nie noodwendig doelbewus nie, maar bloot deur hulle gedrag.

## Artikels

Verlede week het ons dit hier gehad oor die noodsaaklikheid van kennis van die huidige wêreldsituasie. Vandag verskyn daar op bladsy 5 'n uitvoerige artikel deur een van ons professore oor dié onderwerp. Ook op bladsy 5 is 'n artikel oor die begrip Cchristelik-Nasionaal, 'n term wat heel dikwels gebruik word, maar wat minder dikwels begryp word.

Ons hoop dat elkeen wat nie te besig is om 'n kwartier van sy tyd af te staan nie, die geleentheid te baat sal neem om hierdie twee waardevolle artikels te lees.


**REDAKSIE**

*Hoofredakteur*: Tom Larney.
*Nuusredaktrise*: Rika van Graan (Tel. 2069).
*Nuusverslaggeefsters*: Rika van der Walt, Elsabe Smuts, Ellen Botha, Winnie Venter.
*Sportredakteur*: Piet Coetzer (Tel. 2171).
*Sportverslaggewers*: Louis van Wijck, Danie Mostert.
*Kunsredaktrise*: Rinda van der Walt (Tel. 2069).
*Tegniesebestuurder*: Hans Grobler.
*Advertensiebestuurder*: Nic Lessing.
*Sirkulasiebestuurders*: Kobus du Plessis, Tinus Jacobsz.


## In U Lig

,,En elkeen wat aan 'n wedstryd deelneem, onthou hom in alles — hulle nogal om 'n verwelklike krans te ontvang, maar ons 'n onverwelklike. Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie; ek slaan met die vuis soos een wat nie in die lug slaan nie" — I Kor. 9:25-26.

Paulus vergelyk die geloofslewe van die Christen met 'n wedloop. Die Korinthiërs het gereeld in die amfiteater gaan kyk hoe die een atleet die stryd teen die ander aanknoop op die baan, en hoedat die een vuisvegter die ander met inspanning probeer verslaan.

So span elkeen hom tot die uiterste toe om die prys te verkry. Daar word intensief voorberei. Die spoed word beproef. Die krag word getoets. Alles word daarop ingestel om die stryd te wen. Die uiterste selfdissipline word gehandhaaf t.o.v. die ete, drinke en gedrag. Die deelnemer oefen waarlik selfbeheersing in alles uit.

Hy ,,onthou hom in alles . . . "

Sodat die krag en die vaart daar sal wees om tydens die stryd uit te verslap nie, en om tot die einde die pas van die wedstryd te kan volhou.

En jou maak die die apostel Paulus die toepassing vir die Korinthiër en so ook vir ons.

Die geloofslewe is net so 'n inspannende wedloop.

Soos gedissiplineerde christen-atlete moet daar ook daagliks voorberei word vir die stryd in hierdie lewe.

Sodat daar nie verslapping sal kom nie. Sodat ons nie sal uitsak nie.

Net soos die atleet en die vuisvegter die baan en die gimnasium het waar hulle oefen, so het die geloofsatleet ook sy oefenbaan en sy gimnasium, want geestelike oefening is uiters noodsaaklik om gereed te bly vir die stryd.

,,Oefen jou in die godsaligheid", skryf Paulus ook aan Timotheus.

Die geloofsatleet het so die gemeenskapsoefeninge met die Here in die gebed. Hy het die daaglikse oefening in die gebruik van die Bybel om hom te sterk in die sekerheid van die geloof. Hy het 'n gimnasium in die kerk waar hy hom oefen in die godsaligheid deur die gebruik van die genademiddels tot geloofsversterking. Sy persoonlike geloofslewe is sy eintlike oefenveld, waar hy gemeenskap het met God.

Hierdie voorbereiding en oefening is met volle oorgawe — daagliks — omdat die onverwelklike kroon daar voor reeds blink.

Hierdie onverwelklike kroon is vir ons die ewige lewe.

Omdat Christus ons gegryp het deur sy genade . . . en die kroon vir ons bewaar het . . . jaag ek na die kroon.

,,Ek hardloop dan soos een wat nie nseker is nie, en ek slaan met die vuis soos een wat nie in die lug slaan nie . . ."

Omdat die heerlikheid van n ewige lewe in Christus my wink.

Die sirkels van tamheid omsingel my, maar met die krag van die geloof breek ek deur en volhard, na die oorwinning om die onverwelklike krans te ontvang: die lewe in Jesus Christus.

## - Deur My Lens -

Beste lesers/Liewe Leseresse, ek het met 'n meisie — klein agtienjarige kind wat met verf mors — begin korrespondeer. Sy bly in Kaapstad waar 'n berg is en see. Die mores is grys en die nagte groen. Baie mense stap klik-klak op die sypaadjies. Motors ry in die strate. Soms reën dit triest. Ons skryf lang briewe vir mekaar oor winterdae, oor stlites, oor blare wat val, oor duisendopenbaringsvorme van lewe.

**GENRE**

Dit bring 'n nuwe genre in Deur my Lens na vore: miskien n stiller toon, bietjie droef — want elke brief, elke gesprek, elke woord is 'n klein afskeid — 'n verlies van gister wat nooit meer gevind sal word nie. Iets word darem nog bewaar deur die woord: 'n stemming, n beeld, die klein verlang.


**A.S.B.**

Maar genoeg van my verlore filosofie. Kom ons praat nugter oor kontemporêre sake, byvoorbeeld die A.S.B.: Laat ek dadelik sê: Die huidige onrus is goed, dit getuig van lewe en sal ons noop om dinge weer skerp onder die vergrootglas te neem, om deeglik te besin. En blykens Die Wapad van twee weke gelede is daar heelwat sinvolle voorstelle wat net tot verbetering kan lei. Veral wil ek my volle steun toegsê aan die idee van 'n A.S.B.-mondstuk. Wat help 'n gemoedelike organisasie sonder enige invloed? 'n Koerant of blad soos die South African Observer wat maandeliks kan verskyn, sal net die ding wees wat die student kan laat saampraat. Dwarsoor die wêreld praat die student en almal luister, hoekom kan ons nie in S.A. op 'n verantwoordelike wyse saampraat nie? Deur so iets gaan die A.S.B. oombliklik brandend resent wees. Mense sal teen wil en dank moet kennis neem. En die hoog nodig.

**KLAP**

Terwyl ons nou hieroor praat: 'n Klap aan die dekadente revolusionêre optrede van 'n Stellenbosse student. Revolusionêre optrede is nooit goed te praat nie. So iets moet met wortel en tak uitgeroei word. As hy die saak van die A.S.B. opreg en eerlik op die hart gedra het, sou hy reformatories opgetree het. Nou

(Vervolg op bladsy 3)




# STUDENT WIL TROMBOSE DEUR OEFENING GENEES

**'n Proefneming wat onlangs deur mnr. G. L. Strydom van die departement Liggaamlike Opvoedkunde voltooi is, het bewys gelewer dat mense met hartslagaar-trombose deur oefening genees kan word.**

Hy het verlede jaar in Augustus met sy proefneming begin, en dit in Mei vanjaar voltooi. Hy het die proefneming met vier mans tussen die ouderdomme 45 en 48 gedoen wat gedurende 1966 slagaartrombose aanvalle gehad het. Die persone was onderwerp aan 'n vyfdaagse oefenprogram.


**SPESIALIS**

Die persone is na die proefneming deur n Pretoriase hartspesialis ondersoek en hy het hulle toestand as uitstekend bestempel.

Die proefneming wat hulle gedoen het bring mee dat die hartspiervesel so ontwikkel dat die andeer spiere wat agv. die trombose dood is, hierdeur vergoed word. As gevolg van die vergroting van die hartspier en „omweë" wat in die slagare gevorm word, herwin die hart sy normale funksie en kan selfs doeltreffender funksioneer as voorheen.

**TESIS**

Mnr. Strydom wat tans besig is met sy doktorale verhandeling in liggaamlike opvoedkunde, beoog om 'n rehabilitasiekliniek in Potchefstroom te stig waar tromboselyers behandel kan word.



Mnr. T. Malan( links) en mnr. J. Smit (regs), twee van die proefpersone wat deur mnr. Strydom van die L.O.-departement vir sy navorsing oor trombose gebruik word, sit hier by die oefenapparate.

## Deur My Lens

(Vervolg van bladsy 2)

begin mens twyfel aan motiewe en integriteit. Dieselfde siek verskynsel tref mens in Europa aan: 'n opstand van die hordes teen die burokrasie wat inderwaarheid neerkom op 'n verwerping van gesag. Al die sinlose geweld wat daarmee gepaard gaan in die hoop vir 'n beter mooier wêreld. Maar word dit werklik bereik?

Sulke sinlose happenings gee my een yslike groot kramp. In daai opsig is ek ultra verkramp

Maar om terug te keer tot my briefmeisie wat ek in woorde ken: Sy skryf sulke groot ronde skewe letters met pers ink op swart papier. Die briewe bereik my elke Maandag netjies opgevou in 'n wit koevert. Elke brief is 'n wit berig uit Kaapstad waar 'n berg is en see, en waar my meisie met haar mooi voete loop op pleine, op brugge, in parke en kyk na blomme en die blou lug. Sy luister ook na duiwe en voëls en die hartklop van 'n stad — soms praat sy effens met mens en dwaal maar met haar klein voete deur 'n groot eensame stad waar 'n berg is en 'n see. Tussenin iors sy met verf, sy teken bome, grou lug wat oor die einders heenloop, klein droewe mensies, blomme, voëls, kinders en lang reguit strate.

Sy is my droom wat ek elke Maandag liefhet. Het julle ook 'n droom?

# NUSAS KRY WIND VAN VOOR BY WITS

**Op 'n betreklike oproerige monstervergadering van die Universiteit van die Witwatersrand, is volgehoue steun aan NUSAS met 'n klein meerderheid van slegs 70 stemme goedgekeur.**

Van die 1071 studente op die vergadering het 552 gestem ten gunste van NUSAS en 482 stemme daarteen, sowat 37 het buite stemming gebly.

Dit dui daarop dat teenkanting teen NUSAS nog steeds onder Wits-studente toeneem. Verlede jaar het sowat 300 studente teen die mosie gestem.

Die vergadering wat vyftig minute geduur het, was chaoties a.g.v. oproermakers wat gesorg het dat eiers, toiletpapier en ander voorwerpe op die verhoog reën. Verskeie van die sprekers en SR-lede is daardeur getref.

Telkens is daar gedreig om die vergadering te ontbind want die sprekers kon met lang rukke glad nie gehoor word nie.

**(Sien ook berig oor referendum elders).**

## Wêreldtoneel

Vervolg van bl 5)

**gevare en probleme van die hede maar terselfdertyd van die geleenthede wat die toestand bied, kennis en begrip van die teenswoordige wêreldtoneel (en hoe dit ontstaan het) en Suid-Afrika se posisie daarin, meer bepaald sy verhouding tot Afrika en die Weste, essensiële vereistes is. Dit sluit ook in 'n studie van die groot beweging en strominge van ons tyd, soos die Kommunisme en die Liberalisme, wat die beweegkrag agter baie van die verskynsels en gebeurtenisse van ons tyd is.**

Vir die beveiliging van ons land se toekoms, fisiek en moreel, is die afweer van die dreigende aanslae vanuit die buiteland — in watter vorm dit ook al geskied — 'n saak wat die hoogste voorrang moet geniet. Dis 'n uitdaging wat met oortuiging, geloof en verenigde kragte aangedurf moet word.

C. P. VAN DER WALT.

# Karlien kry snoepwinkel en trappe

**Die dames van Karlien het gevoel dat dit darem te ver is om in hierdie koue af te loop Bult toe. Die dames is die van die sewende vloer onder die leiding van Mietie van der Merwe en Corita Venter wat nou aan die hoof staan van die snoepwinkel.**

Dit is egter nie al nie, die dames van Karlien kan ook nou sonder vrees hul trappe bestyg want dit is ook gedurende die week voltooi, en die hysbakke sal ook nie nou meer so oortyd hoef te werk nie

So van oortyd gepraat — die eerstejaars se taak is ook so 'n bietjie verlig deur die interkomstelsel wat ook ingebruik geneem is. Hoewel die oudames eerder die stem van Roelf Jacobs of Jan Snyman daaroor sal verwelkom, moet hulle maar daarmee genoeë neem dat dit 'n eerstejaar is.

Tring, tring, t-r-i-n-g . . .! Dit was nie die roomyskar nie. Nee, dit is maar net weer die Karlien! Hulle spog ook met 'n telefoon op elke vloer.

# VERANDERING IN SALARISSE VAN LATSWAAIERS

**Ingrypende veranderinge in die poste- en salarisstrukture van onderwysers is op 'n vergadering va honderde onderwysers deur die Minister van Nasionale Opvoeding, sen. Jan de Klerk, aangekondig. 'n Eenvormige gradering vir skole oor die hele land is ook aangekondig.**

Minister De Klerk het verklaar dat dit nog 'n tydjie sal duur voordat die finale besluite bekragtig sal word aangesien die aanbevelings deur die Kabinet en die vier provinsies nog oorweeg moet word.

**KERN**

As die kern van die probleem sien sen. De Klerk dat daar 'n fout is met die onderwysers se poste en salarisstruktuur. Dit is dus nie net die kwessie dat 'n onderwyser 'n kerf of twee in sy salaris bykry nie maar die saak is veel meer ingewikkeld.

## Universiteit sluit . . .

Personeellede en studente word vriendelik versoek om, soos gebruiklik, vir die amptelike afsluiting van kolleges aan die einde van die eerste semester in die hoofgebousaal om 4.10 nm. na afloop van die laaste kolleges.

Die afsluiting vind plaas op 26 Junie 1968.

## . . . en open weer

Die amptelike opening van klasse aan die begin van die tweede semester, 1968, vind plaas op Woensdag, 24 Julie 1968 om 8.15 vm. in die Hoofgebousaal.

**STUDENTE**

Personeellede en studente word versoek om ook by hierdie geleentheid teenwoordig te wees. Direk na afloop van die amptelike opening neem die kolleges 'n aanvang.

By die geleentheid word geen akademiese drag vereis nie.

Met komplimente van
AJAX
(Edms.) Bpk.
BOEKE — SKRYFBEHOEFTES

BOUQUET
BLOEMISTE,
STADSENTRUM.
Tel. 6575.



# KUNSGESELSIE

„Al Fresco" is muurskilderings op die nat kalk. Op die muur word met houtskool die tekening gemaak, daarna word van hierdie skets 'n gedeelte met een laag kalk bedek en wel soveel as wat mens in een dag kan beskilder met kalkwater waarin die kleurstof gemeng is.

Hierdie „verf" verbind met die natkalk en is dus baie heg met die agtergrond verbind. Die fresco skildering vereis 'n strenge roetine en groot bekwaamheid omdat die skets wat onder die kalklaag is nie meer te sien is nie en die skilder genoodsaak is om die glasraammetode te gebruik. Ook vereis dit 'n stewige hand omdat verbeteringe nie moontlik is nie.

**DROOG**

Die verf droog onder die behandeling en daarom is die inmekaar vloei van kleure en kleurskakerings hier natuurlik onmoontlik.

„Al secco" is die direkte skildering op droë mure. Die „allaprima" skildering wil met die eerste verf opsetting die effek bereik sonder enige voorafbereiding of nadere bewerking.

**NAT-IN-NAT**

Dit word ook nat-in-nat skildering genoem omdat die verf op die palet of op die doek gemeng en direk langsmekaar aangewend word. Hierdie werkwyse is 'n teenstelling met die ou wyse waar die eerste kleur eers moes droog word voor die volgende aangewend is.

„Alla Tempera" is die outydse soorte bindmiddels byvoorbeeld „eierdooier" en heuning word hier in verf gebruik. Mens kan hierdie verf verdun met water maar na droogwording is dit egter nie meer oplosbaar nie.

Dit word baie gou droog en daarom is die vermenging van die kleure duidelik sigbaar.


JOUBERT MEUBELS
Kerkstraat 201, Tel. 3420, POTCHEFSTROOM.

Vir MODERNE MEUBELS en alle HUISHOUDELIKE TOERUSTING

Ons spesialiseer in die verskaffing van die Jongste Plaat-opnames
Kom besigtig ons groot reeks.



TRUST APTEEK
TRUST BANK-SENTRUM,
TEL. 7116.

* Geskenke
* Pottebakkery
* Fotografiese
* benodigdhede.

Ons vriendelikheid en diens is u waarborg.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS.


# SPRAAKLEER EN DRAMA STUDEER NUWE WERKE IN

**In die department Spraakleer en Drama heers daar tans weer groot doenigheid. Na die harde werk en sukses met Hedda Gabler is studente tans besig met die instudering van 'n skoleprogram. Hierdie program sal bestaan uit grepe uit voorgeskrewe werke van matriekleerlinge en sal onder beskerming van die departement Ontwikkeling in die Transvaal aangebied word. Verlede jaar was hierdie aanbiedinge 'n klinkende sukses en het dit veel lof van skoolhoofde ingeoes.**

Op Donderdag 20 Junie neem die tweede- en derdejaar studente deel aan die landswye Kunsfees van die A.T.K.B. te Pretoria en ook hier bestaan die hoop dat een van ons studente die beurs van R200, wat vanjaar vir vertolkingskunde toegeken word, sal verower.

**VENSTER**

Daar word veral ook uitgesien na die aanbieding van die eenbedryf: **Deur die Venster** van Maurice Maeterlinck wat deur mej. Loraine Viljoen as deel van haar praktiese werk vir die honneursgraad in Spraakleer en Drama aangebied sal word. Mej. Viljoen is as junior lektrise verbonde aan die departement en sal studente gebruik om vir haar te speel.

In die tussentyd is mej. Bet Botha ook met afrondingswerk besig voor haar vertrek na Europa waar sy vir ruim 'n jaar navorsingswerk sal doen, veral wat die Kindertoneel betref.

**PRAKTIES**

Die jaarlikse eksaminering van praktiese werk in die departement vind op 7, 8, en 9 Augustus 1968 plaas en daar word vooruitgesien na Kunsprogramme van hoogstaande gehalte — wie sal die werk wat verlede jaar gedoen is, vergeet?

'n Ware byenes die — 'n byenes waarin daar 'n groot en hoogstaande bydrae tot die kultuurlewe aan die P.U. vir C.H.O. gestel is.



**'n Toneeltjie uit Spraakleer en Drama se opvoering van „Hedda Gabler."**
**Foto's: Beyers Claassen**

# Dorp klop RAU se eerstes

Dorp se eerste span het Saterdag daarin geslaag om die eerste span van die Randse Afrikaanse Universiteit met 16-3 op hulle tuiswerf te verslaan.

**PUNTE**

Dorp se punte is aangeteken deur Klaas Havenga; 'n drie, Christo van der Walt; twee drieë, teerwyl John Roos met 'n strafskop en twee vervyfskoppe geslaag het. Die held van die wedstryd was Dorp se agtsteman Christo van der Walt.

Na die wedstryd was daar 'n gesellige onthaal in die vorm van 'n braaivleis.

# Kultuursaamtrek jaarlikse instelling?

Op die onlangse Monstervergadering wat gehou is om die komende A.S.B.-kongres te bespreek, is aangekondig dat een van die Puk-afvaardiging se voorstelle sal wees dat die jaarlikse kunsfees vervang sal word deur 'n jaarlikse Kultuursaamtrek, soos die een wat in April hier sou plaasvind.

# Grappie deur President

**Op die onlangse Monstervergadering wat gehou is om die komende A.S.B.-kongres te bespreek, het die president van die A.S.B. mnr. Ben de Klerk, die gehoor laat skater met sy opmerking dat hy nie so vaartbelynd as mnr. Willie Coetzee is nie, maar meer kortstondig is.**

# Christelik-Nasionaal

(Vervolg van bladsy 5)

So leef 'n volk ook voort tot in die nuwe bedeling alleen deur sy gelowige lede wat deel vorm van die volk van God en wat die ewige lewe deur Christus beërwe.

**SLAAF**

Verder beteken dit nie dat die kerk die ondergeskikte of onmagtige slaaf van die volk is nie. Die volk en sy kultuur mag dus nie die Christendom vernasionaliseer en die kerk se optrede bepaal nie maar die kerk moet die volk in die kultuur kersten.

In die volk moet die kerk sy profetiese amp beoefen en ook aan die volk proklameer: „so sê die Here!" In die midde van die volk moet die kerk ook koningsamp uitvoer deur die wat binne sy gesagskring val, so te regeer dat hulle sal wandel in die spore van geregtigheid.

**PRIESTERLIK**

Vir die volk moet die kerk ook die priesterlike amp beoefen deur in bewoënheid te bid om vergewing van die volk se sondes, maar ook vir seën, rus en vrede en vir goeie regering. Want ook elke volk moet in diens staan van die koninkryk van die hemele dit is sy eindbestemming en om dit te glo en dit te beleef is om christelik-nasionaal te wees.

C.J.C.


# Oud-redakteur van Wapad gaan na buiteland

'n Jong geleerde van die Potchefstroomse Universiteit, mnr. Koot Reinecke, is uitgenooi om 'n kongres agter die ystergordyn in Tsjeggo-Slowakye te gaan toespreek oor erdwurms.

Mnr. Reinecke sê die erdwurm help baie om grondvrugbaarheid te verhoog.

**BAKTERIEë**

Die giedsel van die erdwurm is vol bakterieë, en dit word in groot hoeveelhede deur die erdwurm geproduseer.



Mnr. Reinecke beweer dat Suid-Afrika oor die wêreld se grootste erdurms beskik. Hy het alreeds erdurms van vyf voet gevind.

Mnr. Reinecke is 'n oud-hoofredakteur van Die Wapad.

# Spoor Eerste Span aan: Hans van Zyl

**Eerskomende Saterdag speel die eerste rugbyspan van Tukkies vir die eerste maal in twaalf jaar weer op Olënpark teen die Pukke. Die wedstryd is die halfeindronde van die interuniversitêre liga.**

**KANS**

**Die oorgrote meerderheid van die studentemassa is seker oortuig dat die Pukke gladnie 'n kans op oorwinning het nie. Op papier kom dit ook voor of die Tukkies (met 'n stuk of agt provinsiale spelers in hulle gelede-re) oor die Pukke gaan loop.**

**Alles goed en wel, maar moenie vergeet dat die dae van verrassings nog nie verby is nie. Dit het al baie gebeur dat gunstelinge sieg op hulle neuse kyk. Saterdag kan dit net gebeur dat die geeltruie die span van die Noorde onverwags vasvat.**

**BESIELING**

**Dit kan egter alleenlik gebeur as die Pukspan die hele massa agter hom het, wat dit vir hom moontlik sal maak om met besieling te speel. Voor jou eie massa lewer jy altyd jou beste en speel jy bo jou vermoë.**

**Dit mag ook gebeur dat die Pukke die loesing van hulle lewe kry, maar dan moet die toeskouers nog by hulle span staan en val. Die Pukmassa is bekend daarvoor dat hulle te alle tye hulle span aanspoor. LAAT DIT SATERDAG WEER SO WEES!**

**Pukke, die eerstespan het die afgelope tyd erg teleurgestel, maar hulle is tot baie beter in staat. Saterdag sal hulle speel asof hulle lewe daarvan afhang. Hulle het u u aanmoediging broodnodig. Die Puk se eer is op die spel.**

**TRIOMF**

**En as hulle wen, wie sal nie graag die rtiomf wil aanskou nie!?**

**HANS VAN ZYL,**
**Sekretaris: Rugbyklub.**

# *Du Plessis speel tafeltennis vir W.-Tvl.*

Charl du Plessis van die P.U. se tafeltennisklub het onlangs 'n mooi prestasie behaal toe hy gekies is om Wes-Transvaal te verteenwoordig. Hy het nl. in die Wes-Transvaalspan gespeel wat Noord-Natal met 7 wedstryde teen 3 geklop het.


GROSVENOR MOTORS
Lombardst. 47. Kerkst. 69.
Telefoon: 4351/2/3
POTCHEFSTROOM.

GEMAGTIGDE FORDHANDELAARS
ANGLIA — CORTINA
CORSAIR — ZEPHYR
ZODIAC — FAIRLAINE en GALAXIE

Asook: VESPA en LAMBRETTA BROMPONIES.



J. A. VAN DER WALT & KIE
(EDMS.) BPK.
(Direkteure: J. A. van der Walt, P. G. van der Walt).

Boekhouers, Sekretarisse, Assuransie- en Belasting-adviseurs en Algemene Agente.
Vir puik gehalte tikwerk, afrolwerk en fotostatiese afdrukke van belangrike dokumente.

TELEFOON: Kantoor 5796, Woning 7326,
Posbus 913, Stadsentrum 118.

# Gebrek aan afronding en vuur laat Pukke verloor

**Gebrek aan vuur en swak afgeronde bewegings het die Puk se eerstes hulle wedstryd teen Sasolburg, wat hulle na alle verwagting moes gewen het, 11-6 laat verloor. Hoewel die Pukke die meeste van die bal gesien het, en dus baie op die aanval was, het gebrek aan ondersteuning die bewegings laat skipbreuk lei.**

Oor die algemeen was dit maar 'n saai wedstryd wat gekenmerk is deur vuilspel en baie mislukte skoppe na die kantlyn. Die Sasolburgers het die Pukke se foute benut en hulle met rente terug gejaag. 'n Hele paar keer is die Pukke se skakelpaar agter die skrum betrap deur hul teenstanders se flanke.

Piet Bruwer het weer soos gewoonlik, goeie posisionele spel gelewer en soms uit haglike posisies gered.

Ibert Joubert en G. Botha, die twee vleuels, het getoon dat hulle om hulle teenstanders kan hardloop, maar ongelukkig het hulle die bal te min gekry van 'n vinnige agterlyn, wat te skuins gehardloop het en gans te veel geskop het.

**STADIG**

Die skakelpaar het hulle snellers stadig weggestuur en is 'n hele paar keer agter die skrum betrap. Dries du Plooy het gesukkel op die losskakelposisie en heelwat van sy buitelynskoppe kon nie die kantlyn haal nie.

Die senters het die bal baie stadig gekry en tog soms mooi daarmee gehardloop. Maar hier is ook te veel geskop en baie van die balle is wild na die vleuels uitgegooi.

Die Puk se voorspelers het die botoon gevoer alhoewel die vuur ontbreek het, daardie vasberade inklim om die bal met geweld te gaan haal, was net nie daar nie. Nogtans het hulle gesorg dat die agterlyn met sestig persent van die balle uit die lynstane oorheers en Ferdinand Postma het die haakstryd gewen. Leon du Bruyn het baie lewendig vertoon en D. de la Porte het die bal mooi gejaag.

**LYNSTAAN**

Die kort lynstaan het goed gewerk. Die voorspelers breek vinnig weg, en as die ander span nog besig is om weg te breek, word die bal ingegooi vir Andre de Bruyn om in die hande van die skrumskakel te klap.

Die Pukke het die meeste planne gehad, hulle het die meeste gebiedsvoordeel gehad, maar daardie gebrek aan samespel, vuur en afronding het hulle die wedstryd gekos.

As die Pukke hul man in die Halfeindrondte van die Interuniversitêre liga eerskomende Saterdag teen die Tukkies hier op Potchefstroom wil staan, en as hulle 'n sukses van die voorgenome toer wil maak sal hulle nou moet begin dink om 'n plan te maak.

Die Pukke se punte het gekom van twee strafskoppe deur Dries du Plooy. Die Tweede span het 'n naelskraap oorwinning van 11—12 behaal en die O/23 span het 8—11 gewen.

D.M.

# REKTOR ONTHAAL VYF SPRINGBOKKE

**Prof. H. J. J. Bingle, die Rektor van die P.U. vir C.H.O., het perlede Vrydag die vyf Springbokatlete van die Puk by sy huis onthaal.**

Die afskeidsfunksie het die vorm van 'n buffet-ete aangeneem en by die geleentheid is die Pukke ook formeel gelukgewens met die verwerwing van hul Springbokkleure en hul prestasies van die afgelope seisoen. Die atlete het ook elkeen 'n donasie van die Universiteit ontvang.

**BESOEKERS**

Verskeie hooggeplaaste besoekers o.a. Mnr. Matt Mare. voorsitter van die S.A.A.A.U. en mnr. Jan Barnard atletiekafrigter van die Puk, het die funksie bygewoon asook lede van beheerkomitee van die Sportinstituut van die Puk en hul gades

**GEOEFEN**

**Die vyf Pukke nl. Willie Coetzee (110 meter hekkies), Willie van der Westhuizen (100 en 200 meter naelloop), Bea Marais (800 meter vir vroue), Dawid Booysen (Gewigstoot) en Fanie van Zijl (1500 meter) het die afgelope paar maande besonder hard geoefen en is almal slaggereed vir die toer.**


**BYEENKOMSTE**

Al die byeenkomste waaraan hulle sal deelneem sal van internasionale gehalte wees en die toerprogram lyk soos volg: 27 Junie Munchen, 30 Junie Munchen, 2Julie Zurich, 10 Julie Hamburg. Dit is moontlik dat die span tussen 17 en 31 Julie aan een of meer byeenkomste in Swede of Denemarke sal deelneem maar die reëlings hiervoor word nog deur die Wes-Duitsers getref.

Die span keer op 2 Augustus na S.A. terug.

**POLISIE-KOLLEGE**

Die volle span kom op 20 Junie in Pretoria byeen en sal die volgende dag, op die vooraand van sy vertrek aan 'n byeenkoms op die baan van die Polisie-kollege deelneem.



**Tafeltennis is besig om met rasse skrede op die P.U. vooruit te gaan. 'n Interkoshuisliga is onlangs vir die eerte maasl ingestel. Op bostaande foto voer een van die baie ywerige spelers in die koshuise 'n hou uit.**

Foto: P. Kruger

# REKORD IN PADAFLOS VIR PUKSPAN

**Die Puk se twee voorste landloopatlete, Gawie van Eck en George Müldner, het onlangs die Wes-Transvaalse span tot 'n skitterende oorwinning gelei in 'n provinsiale botsing teen Oos-Transvaal wat op Potchefstroom plaasgevind het.**

Van Eck en Müldner, wat vanaf die staanspoor die voortou geneem het, het saam eerste geëindig en die afstan dvan net minder as sewe myl in 36 min. 53 sek. afgelê.

Nog 'n Puk nl. Tinus van Rooy het sewende geëindig.

**DAMES**

Analie Gildenhuys het gesorg dat Wes-Transvaal ook in die dameswedloop koning gekraai het. Analie, wat besonder fiks is en nog onoorwonne is in landlope die seisoen, het daarin geslaag om Bea Marais (sy het individueel deelgeneem) met 20 sek. te klop. In die proses het sy die rekordtyd vir die 2.5 myl na 15 min. 33 sek. laat krimp.

**PADAFLOS**

Verlede Saterdag het die Puk se A-span ook die jaarlikse padaflos van Parys na Potchefstroom gewen en die totale afstand van 31.2 myl in 2 uur 46 min. 27 sek. voltooi. Dit verbeter die ou rekord wat verlede jaar deur die Pukke opgestel is, met byna 14 minute.

Die Pukke moes egter alles in die stryd werp om die sterk span van die Proteaklub uit Pretoria te klop. Die Pretorianers het nog met die aanvang van die 6e en laaste skof van die aflos voorgeloop maar Fanie van Zijl, wat die laaste skof vir die Puk gehardloop het, het die agterstand gou uitgewis en sy span met 57 sek. laat seevier.

**VINNIGSTE TYE**

Die vinnigste tye wat deur die atlete oor die verskillende skofte behaal is is soos volg: 1ste skof (5 myl) C. Hattingh P.U.- 28 min. 58 sek., 2e skof (4.8 myl) W. Conradie (Protea) — 25 min. 6 sek., 3e skof (4.8 myl) G. van Eck (P.U.) 26 min. 6 sek., 4e skof (4.8 myl), S. Greyling (Protea) — 25 min. 41 sek., 5e skof (4.8 myl), G. Müldner — 24 min. 20 sek., 6de skof (7 myl) F. van Zijl — 34 min. 29 sek.

# STAND VAN KOSHUIS-SPANNE IN RUGBY

**Die volgende is die stand van spanne in die koshuisliga vir die week geëindig.**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Liberalia A | 8 | 7 | 0 | 1 | 111 | 17 | 15 |
| Makouvlei A | 6 | 4 | 0 | 2 | 94 | 58 | 10 |
| Dorp A | 7 | 5 | 2 | 0 | 68 | 44 | 10 |
| Thaba Jah | 7 | 4 | 3 | 0 | 70 | 52 | 8 |
| Over de Voor N. | 8 | 3 | 4 | 1 | 83 | 70 | 7 |
| Kompleks | 7 | 2 | 4 | 1 | 46 | 71 | 5 |
| Makouvlei B. | 6 | 2 | 4 | 0 | 38 | 76 | 4 |
| Over de Voor S. | 7 | 1 | 5 | 1 | 36 | 93 | 3 |
| Dorp B. | 3 | 1 | 2 | 0 | 11 | 42 | 2 |
| Liberalia B. | 4 | 0 | 4 | 0 | 8 | 69 | 0 |

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."

Turkstra

te kry by u kafeteria

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM.